DIE OLIELAMP

Blad van die Jeug in die Vrye Gereformeerde Kerke van Suid-Afrika

AFRIKA, DIE KONTINENT VAN "KLEPTOKRASIE"

Liewe Lesers,

Dit is September. Die Wêreldberaad vir volhoubare ontwikkeling het na letterlik jare se beplanning ten einde geloop. Daar is met gemengde gevoelens gewag op die beraad. Menige Christen moes egter met teleurstelling toekyk hoe humanisme die beraad oorheers het. God het die mens aangestel om oor die skepping te regeer. Ps 8: 7 …" U laat hom heers oor die werke van U hande; U het alles onder sy voete gestel." Dit was Sy opdrag aan ons. . Maar die mens maak weereens op sy eie krag en mag staat. God word nie geken in besluite wat geneem word nie. Die mens probeer nogsteeds om 'n etopia op aarde te vorm. Ons kan maar net wonder of die besluite iets sal oplewer. Een van die grootste vraagstukke was natuurlik die situasie in Afrika. Daaroor is ook baie gesê. Tokyo Sekwale, vorige premier van Gauteng, het die situasie goed opgesom. In Afrika sterf honderde mense daagliks as gevolg van hongersnood, duisende boere word van hulle plase afgejaag ten koste van Afrika. Hy het politieke leiers in Afrika daarvan beskuldig dat hulle "kleptokrasië" (kleptomanie en demokrasie) van nepotisme en korrupsie bedryf.

Jy kan een van twee dinge doen. Jy kan op 'n hopie gaan sit en teenoor almal die lot van Afrika bekla. Of jy kan met die krag van God bly vertrou en bid vir Afrika en sy leiers. God het immers gesê Hy sal Sy kinders nooit verlaat nie. Hy is ons toevlug. "Ps 46:2…God is vir ons 'n toevlug en 'n sterkte…"
Hou gerus die olielamp dop vir 'n indiepte artikel oor die WVO

Lees in hierdie uitgawe hoe God Sy beskermende hand oor ons hou, hoe nodig gereformeerde onderwys is en dat die wat sing, dubbel bid.
Mag die gebed vir die student al die studente onder ons inspireer. En… glimlag, want dit is amper kongrestyd!!! Die Kaap is volstoom aan die werk en ons kan net uitsien!

Gryp al die geleenthede op jou pad aan want onthou, geen skatte in die wêreld kan een oomblik van geskiedenis terug koop nie. Leef voluit die laaste 3 maande van die jaar. Leef vir elke dag en minuut, maar leef as 'n kind van God.

Tanya de Vente
Pretoria Redaksie

DIE 10E GEBOD: OPSOMMING EN HELPLYN VIR DIE 10 GEBOOIE

Alex van Houwelingen

Spreuke 4:23: Bewaak jou hart meer as alles wat bewaar moet word, want daaruit is die oorpronge van die lewe.

Jy mag nie begeer nie. 'n Gebod wat uitstaan tussen die res, maar wat die oudste sondes aanspreek. Satan het eerste die gebod oortree toe hy net soos God wou wees, en ook die mens se eie sondeval oor ongeveer dieselfde rede. Dis 'n gebod waaroor soms misverstande kan ontstaan, maar wat net soos die ander 'n gebod en 'n verbod het.

In die vorige uitgawes van die Olielamp is die eerste nege gebooie al uitvoerig bespreek. Elkeen was 'n nuwe unieke gebod wat wel in direkte verbintenis met mekaar was, maar tog verskillende velde beslaan het. Die tiende gebod is daarin 'n uitsondering. Waar die ander gebooie elk (op die oog af) 'n duidelike reguit boodskap inhou (soos 'Jy mag nie steel nie' of 'Jy mag geen valse getuienis spreek nie'), is die tiende gebod anders. Amper soos 'n opsomming van die voorafgaande gebooie. Dit gaan oor die 'wortelsonde'; die sonde wat die oorsprong is van al die ander oortredinge. Want as jy jou naaste se vrou begeer, pleeg jy egbreuk, en as jy sy "os of sy esel" begeer, steel jy in feite ook.

Die formulering van hierdie gebod is opvallend. Daar word spesifieke dinge genoem wat mens nie mag begeer nie. So word daar spesifiek van 'n huis, 'n vrou en 'n os of 'n esel gepraat. Alhoewel die meeste van ons waarskynlik nie osse of esels begeer nie, beteken dit nie dat dié gebod dus nie van ons op toepassing is nie. Die 'huis', 'os' en 'esel' is meer 'n beeldspraak van besittings en status. Mens sou ook kon dink dat die woorde van die gebod beteken dat mens enigiets kan begeer, solank dit net nie van jou naaste is nie. Dit is nie waar nie, dit gaan hier oor enige sondige begeertes. Daar bestaan goeie begeertes en slegte begeertes: net soos daar in die vyfde gebod twee dinge is: wees gehoorsaam aan die goeie van jou ouers, maar ongehoorsaam aan die slegte dinge wat hulle jou leer. So is dit hier ook. 'n Oproep tot goeie begeertes en 'n verbod op slegte begeertes. Dit is byvoorbeeld normale dinge soos 'n begeerte na water as jy dors is of na kos as jy honger is. Dit sal egter verkeerd wees om in jou oorvloed meer te begeer (maak nie saak of iemand anders dit wel het, die begeerte op homself is verkeerd), of om (soos die gebod woordeliks sê) iemand se vrou te begeer. Daar is duisende voorbeelde hiervan, elkeen kan net vir hom- of haarself dink.

Ook geestelik is daar goeie en slegte begeertes. So is dit goed om altyd die heerlikheid van God te begeer en om 'n groter geloof te begeer. Paulus het begeer om te sterf om by Christus te wees, terwyl ons almal die begeerte het (of behoort te hê) na die dag dat Christus terugkeer na die aarde. En weereens

Redaksies:

Pretoria:
Redaktrise: Tanya de Vente – tanyadevente@freemail.absa.co.za
Sekretaresse: Carina Bijker
Lede: Wilma Lubbinge
Chris Stolper
Arjan van Houwelingen

Maranata:
Redaktrise: Cora Visser - jrvisser@global.co.za
Penningmeester: Daniël van der Meulen
Sekretaresse: Marie-Louise van den Bout
Lede: Cornelia Kerkhoff
Frans Hagg
Johan de Vente

Kaapstad:
Redaktrise: Carina van Alten - carinavalten@mweb.co.za
Artikelversorging: Corrien Geleynse
Sjirk Geert
Sekretaresse: Clara van der Vinne
Finansies: Albert Drijfhout

Kontakpersone:
Johannesburg: Marietjie Bijker
Bethal: Eugene du Preez
Springs: Thersa Heuning
Brakpan-Suid: Marcel Brown

Administrasie & uitleg:
Willemien Kleijn - willy_k@freemail.absa.co.za
Gerhard Bijker - gerh@rd.co.za

Ons hoop om *Die Olielamp* 9 keer per jaar uit te gee. Hierdie eksemplaar is ook elektronies beskikbaar by die volgende Internet adres:
http://www.vgk.org.za/olielamp/

Koste: R45.00 per jaar

kan die geestelike begeerte ook verkeerd gaan. ‘n Voorbeeld daarvan is Petrus wat by Jesus se kruisiging met sy hele hart begeer dat hy by Jesus kan bly en daarom agressief raak teenoor die soldate wat Jesus gevange neem. Of wat stellig beweer dat hy Christus nooit sal verloëen en verlaat nie (en dit ook regtig wel wil en bedoel), maar behoort te weet dat hy dit nooit uit eie goedheid sal kan regkry nie.

As mens nou vir mensself gaan dink oor ons geestelike (en ook gewone) begeertes, kom mens agter dat die verhouding van die goeie tot die slegte skrikbarend is. Mens kan begin moedeloos raak en wonder hoe sal mens ooit so ‘n gebod kan onderhou. Maar vir dié troos hoef ons nie ver te soek nie. In die Heidelbergse Kategismus word die tiende gebod in Sondag 44 (vraag en antwoord 113) bespreek. Net daarna volg die vraag of ons dit kan gehoorsaam en hoekom God soiets van ons vra as Hy weet ons kan dit nie onderhou nie. En met die antwoord word alles gesê:

Ten eerste sodat ons gedurende ons hele lewe ons sondige natuur hoe langer hoe beter kan leer ken en met groter verlange na die vergewing van sondes en na die geregtigheid in Christus kan soek. Ten tweede moet ons ons sonder ophou beywer en God om die genade van die Heilige Gees bid sodat ons altyd meer en meer na die ewebeeld van God vernuwe mag word totdat ons na hierdie lewe die volmaaktheid as doel bereik.

GOD SE BESKERMENDE HAND

Carina van Alten

En die Here het deur ‘n gesig in die nag aan Paulus gesê: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie: want Ek is met jou, en iemand sal hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad. (Handelinge 18:9 & 10)

Paulus was druk besig om onder die Jode te getuig dat Jesus die Christus is. Die teenstand van die Jode het egter toegeneem. Hulle het sulke godslastelike dinge begin spreek dat Paulus besluit het om hom finaal tot die heidene te wend. Hy het voor die Jode sy klere uitgeskud en vir hulle gesê: “Julle bloed is op julle hoof. My gewete is skoon. Van nou af gaan ek na die heidene”.

Om onbelemmerd die heidene te bereik, het hy gaan inwoon in die huis van ‘n godvresende Griek wat tot bekering gekom het, met die naam Titus Justus. Hierdie Justus se huis het net langs die sinagoge gestaan. Dit het daartoe aanleiding gegee dat Crispus, die hoof van die sinagoge, heelwat van Paulus te sien gekry het en dit was nie lank nie of hy en sy hele huis het gelowig geword. Hy was ook een van die weiniges wat deur Paulus self gedoop is. Na sy bekering kon Crispus nie voortgaan as hoof van die sinagoge nie, en is hy vervang deur ‘n sekere Sosthenes.
Van nou af was daar groot vrug op die prediking van die apostel. Baie Korinthiërs wat hom gehoor het, het tot geloof gekom en is gedoop.

Juis in hierdie tyd het die Here Paulus bemoedig in ‘n gesig wat hy in die nag gesien het. Die Here het aan hom gesê: “Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie; want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om jou kwaad aan te doen nie, want Ek het baie mense in hierdie stad”
Ons moet goed raaksien waaroor dit in hierdie belofte gaan. Korinthe was ‘n ryk handelstad in Griekeland. Hierdie stad was bekend as sentrum van sondige vermaak en growwe onsedelikheid. En juis hier wou die Here hê dat Paulus die blye boodskap moes verkondig. Om Paulus te bemoedig gee die Here dan die belofte.
Juis in hierdie stad waar die sonde so onsettend groot was, wou die Here mense tot verlossing bring. Juis waar die aanval van die Satan so sterk was, kom versterk die Here Paulus op ‘n heel besondere manier.

Hierdie belofte moes vir Paulus ‘n groot bemoedig gewees het, want hy het waarskynlik gevrees dat sy werk, net soos in Thessalonika en Berea, deur die Jode verhinder sou word. Maar die Here wou hê dat Paulus in hierdie plek sou bly – en daarvoor gee Hy die heerlike belofte: Kyk, Ek is met jou ter wille van die evangelie! Paulus mog daarom ook vir ‘n jaar en ‘n half ongehinderd bly werk en baie mense mog tot bekering kom.

Ons is nie Paulus nie; vir die meeste van ons is dit nie ons beroep om in die bediening van die evangelie te staan soos Paulus nie. Maar tog leef ons in ‘n wêreld waar God baie mense het, baie mense wat Hy wil roep, baie mense wat Hy wil red. In hierdie wêreld mag ons met die boodskap van Jesus Christus kom. Ja, en dan haat die wêreld ons daarvoor, dan wil die wêreld ons daaroor doodmaak en ons wegjaag. Maar die belofte van die Here laat ons met ywer en blydskap die evangelie verkondig: Wees nie bevrees nie, maar spreek en moenie swyg nie. Ja, spreek, daar waar die Here jou plaas, waar dit ook al mag wees. Spreek, en moenie swyg nie.

En is jy bang? Is jy miskien skaam? Spreek dan, want Ek is met jou, en niemand sal die hand aan jou slaan om kwaad aan te doen nie!

Op pad

DIE BYBEL, DIE PSALMS EN DIE HERVORMERS (II)

Vertaling

RENAISSANCE

Die ontwaking van nasionalisme gedurende die Renaissance het die behoefte laat ontstaan om die Bybel in die verskillende volkstale van Europa te vertaal. Die uitvinding van die boekdrukkuns in dieselfde tyd, het die Bybel meer vryelik beskikbaar gemaak. Hierdie twee faktore, saam met die Kerkhervorming, het daartoe gelei dat die Bybel in die verskillende volkstale vandag een van die mees gelese boeke op aarde is.

EUROPESE VERTALINGS

In 1488 het die Jode in Soncino, Noord-Italië die eerste volledige Ou Testament in Hebreeus laat druk.

Tussen 1514 en 1517 is die Complutensian Polyglot deur die Universiteit van Alcala, Spanje gedruk. Dit het bestaan uit ‘n Hebreeuse en 'n Griekse (Septuagint) Ou Testament, 'n Griekse Nuwe Testament en die Latynse Vulgaat. Hierdie werk is egter eers in 1522 uitgereik.

In 1516-17 is die Rabbynse Bybel (bestaande uit die Hebreeuse 0uTestament, die Targums en die rabbynse kommentare) deur Daniel Bomberg laat druk.

Die drukker Froben van Basel het vir Desiderius Erasmus van Rotterdam aangemoedig om sy vertaling van die Nuwe Testament in Grieks so gou as moontlik af te handel om die uitreiking van die Complutensian Polyglot voor te spring. Die werk, wat ook 'n Latynse vertaling ingesluit het, is toe in 1516 gedruk. Weens die haas waarin dit gedoen is, het dit baie foute bevat.

Omdat Erasmus sy eie Latynse vertaling gedoen het, het sy weergawe heelwat verskille met die Vulgaat getoon. Hy het sy werk weer hersien en dit het verskeie herdrukke beleef maar het baie teenstand van die Katolieke kerk gekry.

Die Paryse drukker, Simon Colines, was die eerste persoon wat werklik ernstig probeer het om so veel as moontlik oorspronklike tekste te raadpleeg vir 'n vergelykende weergawe van die Nuwe Testament in Grieks. Sy werk is in 1534 gepubliseer. Sy stiefseun, Robert Estienne, het die werk voortgesit, eers in Parys en toe in Genève waarheen hy moes vlug weens sy Protestantse oortuigings. Ná hom het Theodor Béza, die opvolger van Calvyn, die werk voortgesit en die Griekse Nuwe Testament van 1565 gepubliseer wat bekend

gestaan het as die textus receptus omdat dit wyd en algemeen aanvaar is.

Wat die Latynse Vulgaatbybel betref, is daar met verloop van tyd verskeie weergawes gepubliseer. Daar is ook verskeie hersienings van gemaak. In 1590 het pous Sixtus V 'n finale uitgawe gepubliseer. In 1592 het pous Clement VIII die uitgawe egter weer laat hersien. Hiérdie het toe die finale teks van die Vulgaat geword.

DIE HERVORMERS

Die Protestantse leiers het hulle deurgaans beywer vir die vertaling van die Bybel in die verskillende volkstale.

Duits

Martin Luther het die hele Nuwe Testament in 1522 in slegs twee en 'n halwe maand in Duits vertaal. Tussen 1522 en 1532 het hy ook stuk-stuk die Ou Testament vertaal. Die eerste volledige Lutherse (Duitse) Bybel, met die Apokriewe, is in 1534 te Wittenberg gepubliseer. In dieselfde jaar is die Bybel ook in Platduits vertaal. Die hersiene uitgawe van 1545 is as die finale weergawe beskou.

Frans

In Frankryk was Jacques Lefèvre d'Etaples die eerste om die Bybel in Frans te vertaal. Hy het die Nuwe Testament in 1523 en die Ou Testament en Apokriewe in 1528 vertaal. Hierdie drie is saam in 1530 as die Antwerp Bybel gedruk. Hoewel hierdie Bybel op die Vulgaat gebaseer was, het dit gedien as basis vir latere Franse vertalings.

Tvdens die Waldensiese Sinode van 1532 te Cainforan, het hulle besluit om 'n nuwe vertaling uit die oorspronklike tekste te laat doen. Hierdie vertaling is vanaf 1533 deur Pierre Robert Olivetanus gedoen en is na hom vernoem.

In Genève het sowel Johannes Calvyn as Theodor Beza baie hersienings van die Lefèvrebybel die lig laat sien. Die 1588 hersiening het die finale Geneefse Bybel geword.

In Basel het Sebastian Castellio in 1555 die Bybel vertaal. Hierdie vertaling was minder gewild as die Geneefse Bybel.

In 1550 het 'n Rooms Katolieke weergawe van Lefévre se Bybel in Louvain verskyn. Die hersiening van 1578 was as die finale Loivain Bybel gereken.

Engels

In Engeland was William Tyndale die baanbreker. Hy het die Nuwe Testament in 1525 in Engels vertaal en daarna ook dele van die Ou Testament. Verskeie ander vertalings het daarna gevolg. Miles Coverdale se vertaling in 1535, die Mattheus Bybel in 1537 en die hersiening daarvan, bekend as die 'Great Bible' in 1539.

Tydens die bewind van Koningin Maria (1553-58) het baie van die belangrikste Hervormers van Engeland na Genéve gegaan waar hulle die Geneefse Bybel (Engels) in 1560 gepubliseer het. Dit was 'n baie gewilde vertaling.

As teenfoeter hiervoor het die biskoppe in Engeland die Biskoppe Bybel in 1568 gepubliseer wat egter nooit baie gewild was nie.

Die belangrikste Katolieke vertaling uit hierdie tyd was die Rheims-Douai Bybel wat uit die Vulgaat vertaal is. Die Nuwe Testament het in 1582 in Rheims verskyn en die Ou Testament in 1609-10 in Douai.

Op versoek van die Puriteine het koning Jacobus I 'n nuwe vertaling goedgekeur wat gebaseer is op al die goeie aspekte van al die vorige vertalings. Hierdie vertaling het as die Authorised Version bekend gestaan.

Word vervolg.

(Met toestemming geneem uit "Die Bybel , Die Psalms en die Hervormers" deur Alet Malan. Hugenote –Gedenkmuseum Franshoek, 1995)

MOENIE TWYFEL AAN DIE KRAG VAN DIE GEBED NIE!!!

Tanya de Vente

Dit is die slotartikel oor die lewe van Augustinus. Dit volg op die vorige artikels, wie twyfel aan die krag van die gebed?

Daar het skielik 'n keerpunt in Augustinus se lewe gekom toe hy een middag saam met sy vriend, Alypius gekuier het. Hulle het 'n besoeker gehad, Pontitianus. Voor hulle het die briewe van die apostel Paulus op die tafel gelê. Pontitianus het dadelik daaroor begin praat. Hy vertel vir hulle hoe hy en nog drie vriende in Trier in die park gaan wandel het. Een van die vriende het saam met hom gewandel en die ander twee in 'n ander rigting gegaan. Die twee vriende het al dwalend op 'n hut afgekom waar dienaars van God gewoon het. Daar het hulle 'n boek gevind waarin die lewe van Antonius beskryf is. Hulle het dit begin lees en het in vervoering geraak oor wat daar staan. Hulle het hulle daar en dan bekeer. Pontitianus het huis toe gegaan.

Maar hierdie verhaal het Augustinus diep geraak en hy het onrustig geword. Hy het geweg gegaan in hulle tuin in, hy wou alleen wees. Hy het hom onder 'n vyeboom neergewerp en hartstogtelik gehuil. Hy het besef dat hy in God alleen sy heil kan vind en hy het God gesmeek om vergewing vir alles wat hy al gedoen het. Hy het skielik 'n stem van 'n kind gehoor wat sê: Neem, lees, neem, lees. Eers het hy gedink dit is kinders wat speel, maar toe besef hy dit is God wat hom beveel om die briewe van Paulus te lees. Hy het terug gegaan na sy vriend en die boeke gevat en gelees… Hy het gelees en dit het gevoel asof die lig in sy hart gekom het en al die duisternisse weggeneem het. Hierdie tuingeskiedenis was die deurbraak in Augustinus se lewe.

Sy moeder was verheug om die nuus te hoor. Haar gebede is verhoor en sy het God gedank en geloof. Augustinus het 'n katkisant van Ambrosius geword en is op paasdag 387 n.C. gedoop. Monicca se hartswens is vervul en 'n paar dae later sterf sy in Augustinus se arms.
Augustinus het in 'n klooster gaan bly en later Biskop in Hippo Regius geword. Hy het daar gebly todat hy gesterf het en het daar ook sy boek geskryf en die kettery van die Pelagiane bestry…

Augustinus se stryd teen die Pelagiane was een van die kenmerkendste dinge wat hy ooit gedoen het. Pelagius was 'n Britse priester wat in Rome gewerk het sedert 400 n.C. Hierdie ketter het verkondig dat die mens nie heeltemal verlore is nie, en dat die mens sy eie heil kan bewerk. Dit is ou strydpunt wat telkemale weereens die kerk bedreig.
Maar as die mens sy eie heil kon bewerk was Christus se opstanding nie nodig nie. Augustinus het daarop gewys wat die skrif sê. Die bybel sê dat die mens heeltemal verlore is van sy geboorte af. Dit is net te danke aan God se genade dat ons gered word. Augustinus was Pelagius se grootste bestryder. Maar eintlik is dit nie 'n saak tussen Augustinus en Pelagius nie, maar 'n stryd tussen God en Satan. God het Augustinus gebruik om sy Kerk naby aan God te hou.

Augustinus het ook 'n deeglike stryd teen die donatiste gestry. Toe Augustinus in kerk leierskap instap was donatisme al 'n 100 jaar oud. Die donatiste het geglo in 'n suiwere kerk. Augustinus het hierdie stelling verwerp – Hy het gesê die kerk moet 'n mengsel van goeie en slegte mense wees. Hy het sy stelling met Matt 13:24-30 (Die gelykenis van onkruid) verdedig. Die donatiste het voorts gesê waarde van die sakramente hang af van die moraliteit van die priester, Augustinus het gesê die sakramente behoort nie aan die prediker nie, maar aan God.

Die betekenis van Augustinus in ons lewens vandag.

Pelagius was verdoem, maar die satan het nie gaan slaap nie. Selfs vandag stry ons nogsteeds hierdie stryd van pelagius – Ons moet besluit, onderwerp ons ons aan God se genade of ons probeer om onsself te red?
Tydens die Reformasie van die 16e eeu het Luther en Calvyn hulle beroep op Augustinus se leringe. Jare later herleef pelagianisme weer deur die Remonstrante. Die sinode van Dordrecht beroep hom dan op die leringe van Augustinus. Tydens die konsilie van Hippo (393 n.C) en Karthago (397 n.C.) het Augustinus ook gehelp met die opstel van die Bybel en die uitsortering van die apokriewe en kanonieke boeke. Dit is ook tydens die sinode van Dordrecht hersien.

Daar is boeke vol geskryf oor wat Augustinus alles gedoen het. Die belangrikste is dat hy 'n instrument in God se hand was. Sy boeke en leringe en belydenisse is vandag nog in gebruik.

Deur sy lewe kan ons ook die krag van die gebed sien.
MOENIE TWYFEL AAN DIE KRAG VAN DIE GEBED NIE!!!

Ter afsluiting die gebed wat die kerk gesing het tydens Augutinus se doop.

"Thee God"
We Praise Thee, Lord our God,
We magnify Thy Name.
That every creature here
Thy splendour may proclaim!

Sing, choirs of angels, sing
His mighty works and wonder.
Uninterrupted be
Your Hallelujah yonder!
Yes, Thou art thee times holy,
Lord of our salvation,
May earth and heaven be
Thy glory's revelation!

Bronne:
Geelhoed, J. 1952. Augustinus. Goes. Oosterbaan & Le Cointre n.v.
Sizoo,dr. A. 1957. Augustinus, leven en werken. Kampen J.H. Kok n.v.
Slings, G. 1988. Outlines in Church History. Australia. Pro Ecclesia Printers.
Shelly, B.L. 1982. Church history in plain language. Dallas-London-Sydney-Singapore. Word Publishing.

Voel jy ook so?

DIRK POSTMA EN GEREFORMEERDE ONDERWYS

Voel jy dalk dat so 'n artikel met hierdie opskrif nie tuis hoort in Die Olielamp nie? Is dit dalk nie aktueel genoeg vir ons as jeug nie? Wag totdat jy dit gelees het, dan gesels ons weer… Aktueel is dit beslis. Ons het onlangs in Pretoria twee Jeugvereniging aande daaraan spandeer nadat 'n lid van die skoolbestuur die verenigings besoek het. Die meeste van ons was in 'n Gereformeerde laerskool, maar oordeel vandag nie al te positief daaroor nie. Wie ken nie die gevoel van die eerste weke van graad agt wanneer gevra word in watter laerskool jy was nie? Ek dink dit het tyd geword dat ons as Gereformeerde jeug daaroor moet besin of Gereformeerde onderwys ooit 'n noodsaaklikheid is, miskien selfs 'n Goddelike opdrag is.

Ons begin so 'n honderd drie en veertig jaar gelede in die dorpie Rustenburg waar ds. Dirk Postma hom beywer het vir die totstandkoming van die eerste Gereformeerde skool in S.A. Wanneer ons saam die geskiedenis onder die loep geneem het, besluit ons of die beginsels vandag nog enige waarde het en of Gereformeerde skole nog steeds 'n moet is.

Dirk Postma is in die jaar 1818 in Friesland gebore. Gedurende sy hele lewe het hy hom beywer vir die Gereformeerde waarheid en in die jaar van die Afskeiding (1834) hom gevoeg by die Christelik Afgeskeie Kerk in Nederland.

In die Nederduits Hervormde Kerk van Rustenburg (die NH Kerk was toe 'staatskerk' van die Z.A.R.) was daar heelwat gemeentelede wat beswaard was o.g.v. leer, diens en tug. Hulle het die Christelik Afgeskeie Kerk in Nederland gevra om vir hulle 'n predikant te stuur. Die predikant was ds. Dirk Postma wat in 1859 in S.A. aangekom het.

As gevolg van oorheersing deur die Algemene Kerkvergadering van die NH Kerk en die onskriftuurlikheid in baie gevalle, sowel as die gesange-kwessie het vyftien broeders (o.a. ook Paul Kruger) hulle in 1859 afgeskei van die NH Kerk om dieVrye Gereformeerde Kerk te stig. Ds. Postma was die eerste predikant van hierdie nuwe kerk in Rustenburg. Later toe meer gemeentes gestig is o.a. ook in die Kaap en Vrystaat, het die naam verander na Gereformeerde Kerk

Dominee Postma was reeds in Nederland gekant teen die neutrale staatsonderwys en was oortuig dat die verbondsjeug nie aan staatsonderwys uitgelewer mag word nie.
As vrug op sy arbeid het die Christelike skool in Zwolle tot stand gekom.

Ds. Postma het na aankoms in S.A. hom ook hier beywer vir Gereformeerde onderwys. Die eerste Gereformeerde skool is in 1864 in Rustenburg geopen. Die ouers was verantwoordelik vir die onderwys, maar die onderwys self het geskied onder toesig van die kerkraad. Die hoofbestuur van hierdie kerkskole was in die hande van die predikant en die gemeente het die finansiële laste gedra. Onderwysers was verplig om die Drie Formuliere van eenheid te onderteken en moes die belofte aflê om die kinders ook daarvolgens op te voed. Postma was van mening verkeerd

onderwijs en slechte voorbeelden zij voor de zielen uwer kinderen meer te schuwen dan vergiftige slangen voor hunne lichamen.

Dirk Postma het alle Gereformeerde Kerke aangemoedig om gemeente-skole op te rig en dat geen koste daarvoor ontsien mog word om die doel te bereik nie. Verder moes die kerkraad toesien dat die onderwysers vroom was in lewenswandel en dat die Gereformeerde beginsel die hele onderwys deursuur. Postma het herhaaldelik by verskillende gemeentes die oproep tot skoolstigting gedoen, omdat hy maar al te goed besef het dat die ouers aldoor en immer weer oortuig moes word dat het staatsonderwijs niet deugt. misleid en ontkerstend! De gewetens dier ouders moet wakker blijven, en niet door de gewoonte en omstandigheden insluimeren. Sy oproepe het nie op dowe ore geval nie en elke Gereformeerde Kerk het sy eie skool opgerig.

Ook op die gebied van die taalonderrig het Postma ‘n belangrike bydrae gelewer. Hy het gepleit vir die onderrig van Nederlands sowel as Engels en skole aangemoedig om ook die vaderlandse geskiedenis te leer.

Benewens die feit van kleuter-, laer en hoërskoolonderwys, het Postma ook die noodsaaklikheid van tersiêre onderwys raakgesien. Die kweekskool op Burgersdorp wat aanvanklik slegs teologiese studente opgelei het, het ook onderwysers en ander beroepslui begin skool. Dirk Postma is daardeur ook die grondlegger van die Christelike Universiteit (Potchefstroomse Universiteit vir Christelike Hoër Onderwys)

Dirk Postma se geesteskinders het aan die begin van die twintigste eeu aan die spits gestaan vir die stryd vir Christelike Nasionale Onderwys en die ideaal het later selfs tot die breë lae van die Afrikaner volk deurgedring.

Samevattend kan dus gesê word dat Dirk Postma

- ‘n goeie stoot gegee het aan die saak van onderwys in die algemeen in ‘n tyd waarin die onderwys van die volk op lae peil was
- die Nederlandse taal (later Afrikaans) ‘gered’ het in ‘n tyd toe die Britse regering die verengelsingsbeleid in skole wou deurvoer
- die toekoms van die kerk en die Christelike maatskappy verbind het aan deeglike Christelike onderwys

Ds. Dirk Postma het in geloof sy hand aan die ploeg geslaan. Hy was hierin gehoorsaam aan die gebod en het gehoop op die seën van God!

Kan ons vandag nog met die dryfvere en norme van ds. Postma identifiseer? Is die huidige staatsonderwys vandag beter as toe? Is staatsonderwys vandag gerig op kerstening, en heilsaam vir die toekoms van die kerk en Christelike maatskappy of is dit misleidend?

Ouers het by die doop van verbondskinders die belofte afgelê om hulle ‘in die leer’ te laat onderrig en die belofte geld totdat die kinders belydenis van hul geloof afgelê het. Waar staatsonderwys gerig is op die vorming van goeie staat- en wêreldburgers het gelowiges die opdrag om hulle kinders in eerste instansie op te voed tot koninkryksburgers. Gereformeerde beginsels moet daarom die hele onderwys deursuur. Gelowiges lewe in antitese met die wêreld omdat God vyandskap gestel het. Gelowiges en hulle verbondskinders is geheiligdes (afgesonderdes) vir die Here. God se kinders moet altyd en oral van God se groot dade spreek (Deut. 6). Gereformeerde onderwys is dus noodsaaklik, ja selfs ‘n Goddelike opdrag!

Gehoorsaamheid aan die Here en Sy beloftes is nie maklik nie. Dit vra baie geld en opoffering. ‘n Gereformeerde skool kan nie alles bied i.t.v sport, kultuur ens. nie. Gehoorsaamheid aan die Here veroorsaak soms smaad en bespotting. Die oë van die buitewêreld speur graag vir sondes van die Gereformeerdes wat dan weer as aanklag gebruik kan word. Gereformeerde onderwys is egter‘n opdrag en in gehoorsaamheid aan die opdrag mag ons God se seën verwag. Uit onsself kan en wil ons nie na God se opdragte luister nie en wil-wil ons maak soos die samelewing aan ons voorskryf. Deur die krag van die Heilige Gees kan ons gehoorsaam doen wat ons VerbondsGod van ons eis.

Voel jy ook so of voel jy anders?

WIE SING, BID DUBBEL

Vertaal & verwerk uit E&R Liedbundel I

"Ek is nie so musikaal nie en ek kan (of wil?) nie sing nie. "Daarom stel ek ook nie belang in die artikel nie." Al wil jy dan nie die artikel lees nie, lees dan ten minste die laaste paragraaf. Het jy mooi gelees: Sing is 'n opdrag! "Ja, presies wat ek gedink het gesê sou word." Volgende artikel…
Maar daar is meer om te sê.

Die Ou Testament staan vol liedere. Nie alleen 150 Psalms nie maar ook klaagliedere en allerlei lofgesange. Juis in die Psalms lees ons heel duidelik dat die Israeliete gewend was om te sing en te bid. "Ons wil U sterkte besing met psalmgesang." (Ps. 21) en "God verhoor ons op die dag as ons roep!" (Ps. 20). God hou daarvan as ons vir Hom sing. "U is die Heilige wat woon onder die lofsange van U volk" roep Dawid in Psalm 22.

Koning Dawid het selfs musikante aangestel: die familie van Asaf was beroepsmusici. By die inwyding van die tempel het 120 priesters op trompette geblaas. Dawid se seun Salomo het duisende musikante in sy diens gehad.

Maar musiek was nie sommer maar net 'n "hobby" van ryk konings soos Dawid en Salomo nie. Dit was in opdrag van die profeet Natan, want God wil op dié manier gedien word. Dink maar aan Psalm 150 : "Loof God, dit is Sy bevel".

In die Nuwe Testament lees ons oor die singende kerk. Paulus skryf aan die gemeente in Efese: "Spreek onder mekaar met psalms en lofsange en geestelike liedere; en sing en jubel vir die Here in julle harte." Aan die einde van die Nuwe Testament hoor ons ook die liedere wat in die hemel gesing word of gesing sal word.

As sing dan in die tyd van Dawid al 'n opdrag was en as die hemelse erediens ook allerlei liedere ken, waarom sou ons vandag dan ons mond hou?

Sing is 'n opdrag! Hoe sal ons eendag (heeldag!) in die hemel kan sing en jubel as ons nou nie eers wíl sing nie?

Resensies

'N MAN VAN GOD GESTUUR ~ DR. WILLIE MARAIS

Wilma Lubbinge

2 Korinthiërs 6:7,7
Ons het onberispelik opgetree, met begrip, met verdraagsaamheid en vriendelikheid. Dit alles het ons gedoen deur die Heilige Gees, deur opregte liefde, deur die woord van waarheid en deur die krag van God.

Dié boek is nie 'n outobiografie nie. Dit is 'n getuienis van 'n man wat God se hand sterk in sy lewe ervaar. Die boek handel dus nie net oor sy lewe en wat alles daarin gebeur het nie, maar oor God se oralteenwoodigheid. In sy inleiding sê dr. Willie Marais dan ook:

" 'n Predikant, dr. Gerdrie van der Merwe, het 'n paar jaar gelede vir my gevra om my lewensverhaal te boek te stel en hoogtepunte van my lewe. Ek was bang dat ek dalk die Heilige Gees kan bedroef as ek begin my my eie beuel te blaas. Die Skrif sê immers: 'Laat 'n ander jou prys en nie jou eie mond nie; 'n vreemde en nie jou eie lippe nie.' Spreuke 27:2; 2 Kor 10:17, 18 "

Maar sy seun het hom egter oortuig dat dit nie 'n outobiografie moet wees nie, maar 'n vertelling van hoe die Here kragtig in sy lewe gewerk het. Dat hy dan daarmee ander mense kan help. "Namate elkeen'n genadegawe ontvang het, moet julle mekaar daarmee dien." 1 Petrus 4:10

So begin hy dan sy vertelling van voor sy geboorte af, regdeur sy kinderjare, tiener jare

tot vandag. Sy lewe as individu lyk nie veel anders as ander mense nie. Hy het sy deel seer en onsekerheid gehad, maar ook die vreugde en plesier wat elke mens ervaar.



Wat egter wel uniek is aan sy lewe, is sy lewe met God. Sy vertellinge in die boek is vol van die krag van die Heilige Gees.
Meermale is God teenwoordig in 'n droom of verskyn God self aan hom.

Byvoorbeeld op bladsy 29. Daar was nie geld gewees vir hom om te gaan studeer nie, maar dr. Willie was oortuig dat, as die Here hom vir die bediening geroep het, hy ook die nodige hulpmiddels sal verskaf om dit te laat realiseer. Dieselfde dag nog stap hy in die veld toe 'n man aan hom verskyn. Die man vertel hom toe dat die Here hom gstuur het om hom te vertel dat God die geld sal voorsien vir sy studies. Kort daarna kry hy dan ook 'n brief van 'n man wat getuig dat God in 'n droom aan hom gesê het om van sy geld aan 'n behoeftige kweekskool student te gee.

Die boek is opgedeel in kort hoofstukkies wat elkeen handel oor 'n spesifieke gebeurtenis. Elke hoofstuk is vol met teksverse en verwysings, wat wys hoe die Here in ons alledaagse bestaan werk.

Dit is verstaanbaar dat daar mense sal wees wat ongemaklik sal wees met die vertellinge in die boek. Die opskrifte van sekere hoofstukke vertel al baie.
Byvoorbeeld: Die Here verskyn in 'n gesig aan my. My ontmoeting met die Here. In die teenwoordigheid van God. Die Here praat met my oor 'n lewensmaat, ens ...

Maar dit is nie bloot vertellinge om jou op te sweep nie, maar ondersteun met teksverse sit dit jou aan die dink. Elke Christen kan met reg jaloers wees op 'n lewe wat in sulke noue kontak met God is.

Is dit dan nie hoe ons lewe veronderstel is om te wees nie. Kyk ons nie God baie keer mis in ons lewens nie?

Die boek is beskikbaar by A.E.B boekhandel.

RESENSIE

Om tred te hou met die ontwikkeling van moderne tegnologie het ons besluit om van nou af ook webwerwe te resenseer. Indien jy op enige interessante webwerwe afkom wat jy met jou medejeuglede wil deel, stuur die adres of bladsy na Carina Bijker (bijker@freemail.absa.co.za)

www.e-sword.com

Vir ‘n intense, maklike en vinnige Bybelstudie, waar jyméér inligting kan kry as in ‘n hele hoop boeke saam, is die rekenaar sagteware vir Windows wat jy op www.e-sword.com (gratis) kan aflaai, perfek. Met ‘n verskeidenheid van verskillende vertalings, verklarings en kruisverwysings skakel die sagteware die moeite van rondblaai, soek en snuffel uit. Binne sekondes is die gewenste inligting op jou skerm en kan jy begin met jou effektiewe en doeltreffende bybelstudie.

Vanaf die webwerf is daar verskillende “links” wat jy kan opvolg vir meer webwerwe wat gebruik kan word vir bybelstudie en navorsing. Dis net jou keuse of jy gemaklik en lekker voor ‘n rekenaar wil bybelstudie doen…

Deur die sleutelgat

Ja maatjies, die einde van die jaar is op ons! Maar voor julle julself verheug in vals beelde van geluk en blydskap, onthou tog die ou booswig, eksamen, en sy agterbakse handlangers leer, angstigheid, paranoia en verdriet. Ja maatjies hy skuil agter elke langnaweek en blokdag, gereed om jou van agter te bespring, terwyl jy vergeefs uitroep: "OOHH!, ek het vergeet om te leer", teen watter tyd dit natuurlik al klaar neusie verby is. Dit gesê, moet ek byvoeg dat my laaste vyf minute se wanhopige, angstige leerpoging voor 'n betrokke eksamen al vele male 'n potensiële druip-punt met 'n slap riem gevang het.

Dit is vermaaklik om te sien hoe die gewildheid van normaalweg minder populêre beeldsending op televisie, soos die Amerikaanse propaganda of sogenaamde "nuus" netwerk CNN International, 1976 se heruitsending van die immergroen oorgeklankte juweel, Baasspeurder Faber, of u keuse van enige van die 34976 verskillende soorte Japanese steakmes advertensies(infomercials), tydens die eksamentyd die hoogte inskiet. Om nie eers te praat van die classics, soos Love Boat,Pumpkin Patch en Wielie Walie (wat moontlik ook die oorsaak van die uwe se minder as CNN aanvaarbaar, korrekte taalgebruik, in die eerste paragraaf is) nie. Ewe skielik word die vreug van skottelgoedwas opnuut ontdek, en vergete tydverdrywe soos kamer skoonmaak en karwas kry nuwe betekenis.

Jammer genoeg is daar ook something fishy aan die gang. Seker sonder twyfel ons grootste steunpilaar in die jeug en kampvegter vir die BOJ, Jake the Hake, of Jaco Haak soos julle hom seker ken verlaat die helder blou Kaap van storms vir die geel-bruin-radioaktiewe troep langs die Nederlandse kust. Dit lyk of Jakes sy jonger broer Alfred al begin oplei vir plaasvervanger-bestuurder van die geel Hake mobile, so diegene wat nog car-challenged en licence-challenged is hoef nie bekommerd te wees nie. Sterkte met die tyd in Nederland Jakes!

Ek moet tog ook spesiale vermelding maak van ons broeder Alex van Houwelingen, ja ek weet die vraagstuk of dit wel enigsins aanvaarbaar is om melding te maak van Gautengers in ons eksklusiewe glansblad is nog onbeantwoord, maar hoe kon ek iemand wat sulke diep voetspore trap ignoreer?

Maar genoeg met die kriptiese leidrade. Alex is nie net 'n hedendaagse Picasso nie (ek weet nie of dit 'n kompliment is nie, dalk sou Rembrandt meer aanvaarbaar wees?), maar inderdaad ook 'n Don Juan. Teen die tyd wat u die artikel lees (wat as ek moet aflei, nou is, aangesien u met die blad in u hande staan) sal hy of klaar in die Kaap wees, of oppad Kaap toe wees, of oppad terug Pretoria toe wees. Die onduidelikheid oor sy aankomstyd spruit deels daaruit dat die Olielamp nou nie juis met klokslag verskyn nie, en deels weens 'n gebrek aan enige intensiewe speurwerk. In elk geval die punt wat ek probeer maak is dat hy een of ander tyd in September vir Elisabeth kom kuier, oulik nê!

Die jeug het ook vir 'n keer weer ontspan danksy 'n blink idee wat Lieneke gehad het. Dalk nie die eerste plek wat sal opkom indien u luukse vakansie oorde in die wes-kaap soek nie, dog bied die VGK kerkterrein 'n menigte luukshede, kom geniet 'n drankie op ons geplaveide stoep area, of maak uself tuis op die groenste grasvelde suid van die Sahara, ons badkamers beskik oor lopende water, en parkering is altyd net 'n klipgooi vêr. Ons wêreld klas 18 putjie golfbaan…

Maar nie alle bewerings wat u gehoor het oor dié merkwaardige gebeurtenis is versinsels van ‘n ooraktiewe brein nie, ja dis waar, Hester is nie net ‘n goeie swemmer nie, sy kan ook rugby speel. Jakes het ons (dalk vir oulaas?) bëindruk met sy vuurmaak vernuf. Ongelukkig soos sy geluk dit moes tref, was die selfoon-gang met hul leader Elisabeth (omdat sy die grootste selfoon het – die “koelkas”) te verdiep in oulike boodskappies vir Alex uitdink, om enigsinds dié gesoute piromaniak in aksie
te sien. Maarten, Frans en Maarten se baard het ongelukkig eers later hul opwagting gemaak, maar dalk was hulle net bang vir top-10-Albert of Archie (Archie vir sy vriende, mnr. Archimedes vir Gautengers) soos hy in die volksmond bekend staan, se strikvraag-vir-die-aand?

Maar die ontspanning is natuurlik voorafgegaan met die jaarlikse mini-kongres. Gerugte wat deur Maarten, Frans en Maarten se baard versprei is dat ons mini-bakkies sop, mini-koppies koffie en ‘n mini-lesing sou kry was egter ongegrond. Die lesing is voorgegaan deur ‘n ou legende in die jeug, Erik “Knakwurst” van Alten, wat met behulp van moderne tegnologie (‘n komper en beeldradio –‘n PC en TV) baie interessant was.

Dankie vir u samewerking.

Die sleutelgatloerder.

Voetspore

Die meeste lesers van die Olielamp kon seker na die vorige uitgawe nie wag vir hierdie Voetspoor nie, want daar is in die vorige episode met allerhande nuuskierigmaak-tegnieke (prentjies, ellipse en oop eindes) verwys na die groot event van hierdie tyd: The Amazing Race! Dit is intussen agter die rug, en ja, dit was amazing... Sommige mense het amazingly verdwaal, ander was amazingly vinnig en ander was (ons sal maar nie name noem nie) amazingly stadig. Dit was all in all opvallend hoeveel VGK-ers deur Waverley geloop het, en die reaksie van ontstelde winkeleienaars, petroljoggies en mense wat wonder hoekom “ou Snuffels so blaf”. Die roete het gelei vanaf Suid-Afrika deur onder meer “Egipte”, “Japan”, “Nederland”, “Australie” en “Brasilie” tot weer in ”Suid Afrika”(laasgenoemde het snaaksgenoeg sedert die beginpunt van plek verander ...). Oral was daar een of ander hindernis, van spookhuise verken tot onwiskundige berekeninge doen. Op die ou end was dit beskamend wie die voorlopers was: 3 ou tannies (met respek gesê) wat tweede was, en die groep No Name as wenners, waarin Iwan en Eric solank ‘n voorproefie geneem het op die “groot jeug”, want hulle is nog maar rookies. Gelukkig het die uiters groot en sterk Ronald toesig gehou op hulle, maar volgens betroubare inligting was dit Iwan se kuite en eerste sokkerspan ervaring wat die ding gedoen het. Hulle taktiek lui soos volg (onthou dit vir die die volgende keer, The Even More Amazing Race): Volg altyd die ou tannies, en hardloop op die laaste nippertjie verby!!!

‘n Paar weke daarna het die Studente Vereniging ‘n uitstappie gereël na die Wits Universiteit se planetarium. Almal het bymekaar gekom by die kerk en vandaar gery na die stad van goud. Die reis na Johannesburg was ‘n taamlik opvallende een, want Oom Harry Bijker se kar het shortcuts gevat via die Voortrekkermonument en het aansienlik later as die ander by die plek uitgekom, terwyl Johannes se kombi ons almal verbly het met pragtige geluide, wat almal laat dink het aan ACDC se musiek, maar toe blyk dat dit (ongelukkig of gelukkig?) sy enjin was. Daar het egter niks ergs gebeur nie, en Johannes het homself weereens deur sy driving skills bewys

as ‘n eersteklas taxi-bestuurder. Met ‘n kombinasie van snelheid en doeltreffenheid sal hy nie sleg vaar nie.

By die planetarium aangekom het Antoine die werknemers van die plek ontstel deur luidkeels die koeldranke en chips van die SV te adverteer. En aan sy stem te hoor, kon hy veel eerder Antonio Manuel Mendes Da Costa gewees het, en die coke eerder groente…Na alle gewag is ons almal na die ‘sterrekoepel’ toe en daar het ons ‘n lesing gekry oor alle sterre. Dis nogal opvallend hoeveel diere mens in die sterre kan sien: voëls, centaurs en halwe visse. Iemand met minder verbeelding as die astroloë sal dit eerder beskryf as ‘n paar wit kolletjies wat ‘n entjie van mekaar af in die lug is. Maar die ruimtelike dieretuin maak dit net interessanter, seker. Verder was daar nog ‘n buitengewone verskynsel na die show: Sekere ouens was baie stil…Dié uitsonderlike prestasie was te danke aan die romantikus in die saal wat sy vrou heel oorspronklik ten huwelik gevra het. Sekere ouens in ons jeug was bietjie ontsteld, want dit was nou JUIS hulle idee gewees om dit eendag te doen. Maar dis blykbaar nie so erg nie, want volgens Erika het Johannes haar baie beter gevra.

Na die tyd is almal na Johannesburg se nuwe dominee, ds.J. van der Linden, waar almal gebraai het. Daar is wel enige verdwynings aangemeld. Eers het Marius, Zulu, Reinhart, Ronald en Lieze (en Antoine se kar) verdwyn en later ook gesin Kleyn se broodjies. Later is die eersgenoemde groepie gevind waar hulle heerlik in McDonalds se playground gespeel het. Dit was blykbaar so lekker, Zulu het begin wonder oor die aanskaffing van ‘n seisoenkaart by McDonalds. Die Kleyne se broodjies het nie teruggekom nie, maar in die plek het daar I love you-PS’e, wat Marie-Louise, Andreas en Alex gekoop het, gekom. Dit was die sogenaamde biegskuld vir al hul dade. Oor die opmerklike boodskappe wat op die PS’e gestaan het: die betrokke persone skryf dit aan niks meer as naasteliefde toe nie.

Verder het daar ‘n skaakklub ontstaan. Op ‘n goeie dag het Attie net besluit hy dink die jeug het ‘n talent wat onder ‘n skaakbord weggesteek is, en besluit om die skaakbord op te tel en van die talente gebruik te maak. Skynbaar was daar al 9 aanwesiges, en is daar nog hier en daar belangstellendes, wat wonder of hulle nie dalk Attie sal kan wen nie. Helaas moet die redaksie bekend maak dat in die spesifieke geval die belangstellendes hulle EIE Twinsaver-tissues moet saamvat.

So middel in alle aktiwiteite het daar eweskielik ‘n twee weke lang vakansie aangebreek vir alle skoolgaande mense. Dit was as gevolg van die World Summit wat mos in Sandton plaasgevind het. Die helfte van die gelukkiges weet waarskynlik nie eers waaroor die summit gaan nie, of hoekom daar nou eintlik daaroor ‘n vakansie is, nee, hulle gooi hulle eerder vol oorgawe in die feesgewoel. Ongelukkig was die hele vakansie-idee maar ‘n kort tydjie, en is dit net daarna vervang met dinge soos Wiskunde-eksamens (vir die matrieks) en dergelike nagmerries.

Teen die tyd dat hierdie tydskrif verskyn, is die eksamens miskien al verby en wil almal net vergeet van sulke dinge, so daaroor word nie meer gepraat nie.

Beter gesê: daar word nou glad nie meer gepraat deur my nie (HAHA, sê almal). En daarmee die einde van hierdie episode, lees volgende keer oor iets genaamd QuizNer en nog interessante dinge!

Die Voetspoor

KONGRES 2002

Op aandag, alle Kongresrekrute en veterane!

Dit is weer sulke tyd. In die Kaap skarrel die Korporaal, Generaal en al hulle Luitenants vervaard, maar hoogs georganiseerd en effektief, van hot na her om te sorg dat die weermag alles in gereedheid bring vir die komende Kongres. Die befaamde Sleutelgatloerder, ‘n spioen van formaat, deel mee dat die vergadering van grootkoppe tydens ‘n hoogs geheime krygsraadsitting besluit het op die datums 23/12/2002 tot 27/12/2002, en die slagveld sal weer die vertroude velde van Hawekwa wees. Hieruit blyk die bogemiddelde intelligensie van die weermag se grootkoppe weereens, want alle veterane ken die terrein,

en sal die penkoppe met groot vertroue van die een stryd na die volgende kan lei.

Die werkswinkels oor suksesvolle krygstaktieke, beproefde wapenrustings en artillerie word aangebied deur kenners wat elk uitblink in hul spesifieke vak, en beloof om boeiend, interessant en nuttig te wees. Elkeen wat dit bywoon, sal verseker ‘n beter toegeruste, goed ingeligte soldaat van volk en vaderland, en natuurlik ook Christus en die evangelie wees. Laasgenoemde is immers waaroor die hele Kongres gaan!

Verder is daar gerugte van ‘n strawwe penkop-ontgroening. Die Kaapse Kongres gaan beslis nie vir sissies wees nie, so sê hulle. Hierdie inlywing van oningewydes sal, gelukkig vir die jong rekrute en jammer vir die hardebaard veterane, net ‘n enkele aand in beslag neem, vanwaar die inspannende ontspanning sal verder gaan om ‘n gees van onmisbare samehorigheid te bevorder. Die luitenants van ontspanning het weer onlangs in ‘n geheim gewaande sitting vergader, maar ook hier was die Sleutelgatloerder op sy pos voor die sleutelgat. Dié spioen deel ons mee dat die vergadering só lank en intens was dat hy maar ‘n slapie op die Welkom-matjie voor die deur gevang het. Die krygshof besluit nog oor wat ‘n mens met so ‘n lui, slaap-graag spioen moet aanvang.

Die oppergesaghebbers wat die hele opmars na die slagvelde sal orkestreer is die alom gedugte veldmaarskalk Henk van Renssen en sy parate vroutjie, Corina. Die enigste probleme waarvoor hierdie gekonfyte egpaar nie kans sien nie, is gebreekte damesnaels en leë gel-potte in die manskwartiere. Vir elke ander gebeurlikheid is hulle deeglik gewapen.

Namens die gehele krygsmag in die Kaap spreek ek die hoop uit dat julle in julle massas sal opdaag en talle jong rekrute vir die stryd sal werf! Voorwaarts, MARS!

Tot ‘n volgende keer.

Brokkies

BROKKIES@EPOS.CO.ZA

From: christian_p@stors.org
To: brokkies@epos.co.za
Sent: Sunday, September 01, 2002 4:03 PM
Subject: Fwd: Excuses

Have you grown tired of hearing all the time-worn excuses people give for not going to church? Two pastors put together this list of reasons for not attending the movies:

WHY I DO NOT ATTEND MOVIES

1. The manager of the theatre never called on me.
2. I did go a few times, but no one spoke to me.
3. Every time I go they ask me for money – they mention it even before I get in.
4. Many of the folks who attend do not live up to the moral standards of the films.
5. I went so much as a child I've had all the entertainment I need.
6. The performance lasts too long – I can’t sit still for a couple of hours or longer.

7. I don’t always agree with what I see and hear.
8. I don’t think that they have very good music.
9. The thermostat is always too high or too low, and the lighting is terrible.
10. The shows are usually in the evenings, and that's the only time I am able to be at home with my family.

BID VIR MY

Weet jy iets van my?
Almal sal wil weet:
Sensasiegenot.

Hoor jy iets oor my?
Net Een hoef te weet:
Vertel dit maar vir God.

Waarom by ander mense skinder
maar nie by God?

As jy dit nie vir Hóm kan sê nie,
dan ook nie aan ander mense nie.

Hy hoor alles wat jy sê oor my.
Daarom: moenie skinder nie, maar
bid vir my...

**If you were arrested
for being a Christian
...would there be enough
evidence to convict you?**

GEBED VIR 'N STUDENT

Solly Ozrovech

Dankie, Here my God, vir die voorreg en die vermoë om te kan studeer. Ek pleit by U om: konsentrasie en toewyding; selftug en dissipline; gehoorsaamheid en inspanning; hoë ideale en edele doelstellings.
Leer my deur u goeie Gees die noodsaaklikheid van goeie fondamente; van inspanning om dit te verwerf wat die moeite werd is; van bereidheid tot volharding om deursettingsvermoë en sukses te behaal.
Bewaar my van onverantwoordelikheid en traagheid; beginselloosheid en wispelturigheid; kortsigtigheid en sorgeloosheid; van ontmoediging as dinge moeilik word; van onnodige foute en mistastings wat ek kon vermy het.
Help my om kosbare tyd wat U my gee, reg in te rig en wys te gebruik; om gedurig elke geleentheid aan te gryp om my vir die lewe voor te berei.
Help my om die liggaam wat U my gegee het, gesond en fiks te hou deur dit nie met 'n sondige lewenswyse of verkeerde plesier te skaad en so vir my lewenstaak ongeskik sal word nie.
Help my om die verstand wat U my gegee het op te skerp en tot sy volle potensiaal te

ontwikkel, om dit in te span en reg te gebruik as werktuig tot u diens en eer.
Help my om die hart wat U my gegee het, rein en suiwer te hou, steeds gerig op die edelste dinge.
My gees, siel en liggaam wy ek met oorgawe aan u; vorm my soos U wil en gebruik my waar U kan.
Ek is in u hand, vandag, môre en elke dag van my lewe.
Dit bid ek alles in die Naam van my Saligmaker en Verlosser, Jesus Christus.

AMEN

VERJAARSDAE

Bethal

Leclue Nienaber	12-Sep
Eugene du Preez	13-Sep
MC Bergh	20-Sep
Le Roï Nienaber	30-Okt

Johannesburg

Eunice Boessenkool	27-Sep
Talita Boessenkool	4-Okt
Celeste Boessenkool	11-Okt
Theo Boessenkool	13-Okt

Kaapstad

Lieneke Eefting	3-Sep
Christine van der Linden	20-Sep
Chrisjan van Alten	23-Sep
Christine Scheltens	24-Sep
Jan Geerts	12-Okt
Annemarie Eefting	13-Okt
Corné Kooyman	26-Okt

Maranata

Reinier Raimond	15-Sep
Mirjam de Vries	16-Sep
Cornelia Kerkhoff	20-Sep
Hester van der Meulen	27-Sep
Marinus Boon	15-Okt
Johan de Vente	16-Okt
Johannes Bosman	26-Okt

Pretoria

Hilda Middeljans	3-Sep
Nonka Bijker	4-Sep
Liza de Vente	4-Sep
Marius de Jager	8-Sep
Sjaak Hagg	12-Sep
Magriet Smit	19-Sep
Alex van Houwelingen	1-Okt
Rinus Kamphuis	5-Okt
Adriaan Aartsma	5-Okt
Erik Bosker	9-Okt
Tineke de Vries	15-Okt
Antoine Theron	20-Okt
Ronald Kamphuis	27-Okt

Sperdatum vir die volgende uitgawe:

6 Oktober 2002